OOSTELIKE SINODE
2022

10 November 2022

RIGLYNE VIR VERGOEDINGSPAKKETTE VANAF 1 MAART 2023 TOT 28 FEBRUARIE 2024

Oostelike Sinode het **riglyne** vir vergoeding van die ***Algemene Sinode*** ontvang en ons gee dit soos gewoonlik na ons gemeentes deur.

Die ***Pensioenfonds*** voorsien direk inligting aan werkgewers. Omsendbriewe wat die Sinode van die Pensioenfonds ontvang word aan leraars en gemeentes gestuur en ook op die Sinode se webwerf geplaas. Die bydraes word bepaal deur die pensioengewende salaris wat bereken word volgens die formules wat deur die Pensioenkantoor, Theo Smith (012-342 0415), voorsien word. Cathy Odendaal by ons Sinodehuis kan ook met die berekening behulpsaam wees.

By onderhandeling van jaarlikse vergoedingspakkette van **leraars** word die **Totale koste van Indiensneming (TKVI)** in ag geneem. Die TKVI riglyn bestaan tans uit die volgende komponente:

- 'n traktement met as *minimum standaard* die riglyn traktementskaal soos uitgelê in punt 1;
- ‘n motortoelaag of 'n ampsmotor gebaseer op die riglyn soos in punt 2;
- gratis huisvesting of billike behuisingstoelae, gewoonlik 35% van die topskaal traktement met inagname van plaaslike omstandighede;
- bydrae tot die pensioenfonds soos ooreengekom, met verwysing na die kommunikasie uitgestuur deur die Predikante en Amptenare Pensioenfonds;
- 'n bydrae van minstens 50% tot die groeplewensversekeringskema;
- die volle bydrae van die premie vir enkelbedrag ongeskiktheid;
- 'n bydrae tot die mediese skema van minstens 50% van die lid se premie;
- ander toelaes soos ooreengekom;

Die volgende statutêre bydraes word deur die werkgewer gedra en vorm nie deel van die vergoedings-deel van die TKVI nie:

- werkgewerbydraes tot die werkloosheidsversekeringsfonds;
- premies betaalbaar aan die Vergoedingskommissaris

1. Traktement

1.1. Ons dra steeds swaar aan die nadraai van Covid wat baie gemeentes finansieël mank gelaat het. Met inagname hiervan is die riglyn vir leraars se Traktement deel vir 2023/24 finansiële jaar uitgelê in die tabel hieronder.

1.2. Elke predikant se vergoeding word vasgestel en gefinaliseer deur sy/haar werkgewer (byvoorbeeld die Kerkraad). Hierdie onderhandelinge moet 'n balans probeer vind tussen die

HIER IS ONS STUUR ONS

finansiële vermoë van die gemeente, die verwagtinge en behoeftes van die leraar en die diensooreenkoms tussen die leraar en die Kerkraad.

1.3. Afhangende van die diensooreenkoms tussen die predikant en die werkgewer word 'n diensbonus, naamlik 'n dertiende tjek aanbeveel. Die bedrag behoort een maand se traktement, sonder enige ander toelaes en voordele te wees.

1.4. Traktementskale:

	2022/2023		2023/2024		Traktement	Effektiewe Skaal-verandering
Kerf	Maand	Jaar (x 13)	Maand	Jaar (x 13)	% aanpassing	% aanpassing
1	16,500	214,500	17,490	227,370	6.0	6.0
2	17,120	222,560	18,147	235,911	6.0	10.0
3	17,340	225,420	18,380	238,940	6.0	7.4
4	18,040	234,520	19,122	248,586	6.0	10.3
5	18,730	243,490	19,854	258,102	6.0	10.1
6	19,610	254,930	20,787	270,231	6.0	11.0
7	20,960	272,480	22,218	288,834	6.0	13.3
8	22,300	289,900	23,638	307,294	6.0	12.8
9	23,720	308,360	24,906	323,778	5.0	11.7
10	25,160	327,080	26,418	343,434	5.0	11.4
11	26,600	345,800	27,930	363,090	5.0	11.0
12	28,020	364,260	29,421	382,473	5.0	10.6
13	29,470	383,110	30,944	402,272	5.0	10.4
14	30,900	401,700	32,445	421,785	5.0	10.1
15	32,330	420,290	33,947	441,311	5.0	9.9
16	33,760	438,880	35,448	460,824	5.0	9.6
17	34,620	450,060	36,700	477,100	6.0	8.7

2. Voertuig- en vervoertoelae

2.1. Die voertuig- en vervoertoelaag was in die verlede bereken volgens die SAID se tabelle, maar dit word eers na die begrotingsrede in Februarie gepubliseer. Verskeie gemeentes het in die verlede aan die Sinode gekommunikeer dat die SAID tabelle te laat gepubliseer word (gewoonlik jaarliks middel tot einde Februarie) om gemeentes met hul begroting en salaris onderhandelinge te help. Om hierdie rede het die Sinode na 'n **gemiddelde model as riglyn** beweeg, waar die vorige jare se SAID tabelle, inflasie koerse, asook die wisseling in brandstofpryse gebruik word om redelike gemiddelde verhogings te bepaal.

2.2. Vir begrotingsdoeleindes kan kerkrade gebruik maak van die syfers soos hieronder aangedui, maar staan gemeentes vry om die SAID tabelle te gebruik sodra dit gepubliseer word.

2.3. Die SAID tabel wat in Maart 2022 vir die 2022/2023 belastingjaar gepubliseer is, het vastekoste as R76,033 aangedui en lopende koste as 216.0 sent.

2.4. Die vastekoste- sowel as die lopende koste komponent word gebruik in die berekening van die vervoertoelaag. Die gemiddelde aantal amptelike kilometers wat die predikant jaarliks aflê is die drywer agter die vasstelling van die leraar se vervoertoelaag.

2.5. Met die model in 2.1 genoem was die vastekoste-komponent vir die 2022/2023 belastingjaar R76,396, en die lopende koste 177.9 sent per kilometer. Vir die 2023/2024 belastingjaar is die berekende vastekoste R78,380 en lopende koste 237.4 sent per kilometer.

2.6. Voorbeelde van berekeninge volgens aantal kilometers:

Aantal km	Bereken @ 237.4 s/km	Vastekoste	Jaarlikse Reistoelaag
12,000	R28,488	R78,380	R106,868
18,000	R42,732	R78,380	R121,112
24,000	R56,976	R78,380	R135,356

3. Ander voordele

3.1. Amptelike kommunikasie- uitgawes soos vir rekenaar, selfoon en internet behoort per faktuur deur die werknemer van die werkgewer teruggeëis te word, óf direk deur die werkgewer vereffen word en **moet dan by die belasbare inkomste van die leraar in berekening** gebring word.

3.2. Die koste van verdere opleiding word deur die gemeente gedra en vorm nie deel van die pakket van die leraar nie.

4. Personeel in diens van die kerkraad

4.1. Kerkrade neem self billike besluite oor die markverwante vergoeding van personeel in die lig van kwalifikasies, werksure en verantwoordelikhede asook die finansiële vermoë van die gemeente.

4.2. ‘n Verhoging van **6%** kan as riglyn gebruik word en moet verkieslik nie oorskry word nie.

4.3. Waar personeel aan die Predikante en Amptenare Pensioenfonds behoort moet die riglyne gevolg word wat deur die Pensioenfonds kantoor uitgestuur is.

Met seën.

Cathy Odendaal

BEDRYFSBESTUURDER